

BORGE

Gedruk en geborg deur:



BOLAND DRUKPERS BK
PRINTERS CC
WELLINGTON ☎ 021 - 873 1167

~ ons ondersteun Atlete vir Christus ~

Moederkerk




'n Rivier van Lewende Water

Kruiskerk

www.moederkerk.co.za

071 642 2036



072 457 0383

[f](#) Lily Stellenbosch

Papier geborg deur

nor paper


leaders in service excellence



ATLETE
VIR
CHRISTUS

2013

Paternoster na L'Agulhas



"ONS HARDLOOP, SING
EN GESELS CHRISTUS"

Inhouds Opgawe

Program	1
Bekendstelling	3
Toeroete 2013.....	5
Leiers	6
Die Span	7
Toer kaleidoskoop	9
Samesing	11
Borge	16

Program

1. Bekendstelling van die Span
2. Sanggroep
3. Persoonlike Getuienis
4. Sanggroep
5. Samesang

Ek sien in my gees die glorie en die almag van die Heer
 Die Allerhoogste wat in liefde oor sy koningkryk regeer
 Hy't belowe aan die einde op die wolke kom Hy weer
 Hy is koning Hy regeer

Loof Hom prys Halleluja
 Loof Hom prys Halleluja
 Loof Hom prys Halleluja
 Hy is Koning Hy regeer

Kom deel nou in ons loflied hef jul hande op na bo
 Blaas basuine slaan op dromme en kom dans voor God se oë
 Kom deel in die oorwinning van sy woord waarin ons glo
 Want sy woord sal ewig staan

Loof Hom prys halleluja
 Loof Hom prys halleluja
 Loof Hom prys halleluja
 Hy is Koning Hy regeer

6. Boodskap Deur Ds. Pierre Marais
7. Samesang

1 Bring lof aan die Vader, verheerlik die Seun
 Vir liefde, genade verlossing en steun
 Dat elkeen wat glo nie verlore mag gaan
 Maar ewig voor Hom as verlost kan staan

2 Loof die Heer, Loof die Heer
 Sing gelowiges saam
 Loof die Heer , Loof die Heer
 Prys sy heilige naam
 Hy kom uit genade ons sondes versoen
 Dat ons hom vrymoedig ons Vader kan noem

3 Ons lof aan die Skepper wat altyd getrou
 Sy kerk hier bewaar, dit vernuwe en bou
 Ons bly inspireer en ons stuur deur sy Gees
 Om sout en om lig vir die wêreld te wees

4 Loof die Heer, Loof die Heer
 Sing gelowiges saam
 Loof die Heer, Loof die Heer
 Prys sy heilige naam
 Hy kom uit genade ons sondes versoen
 Dat ons hom vrymoedig ons Vader kan noem

8. Sanggroep

9. Aktuele Bedieningsinligting

10. Spanlied

I know where I'm going and I know who's going with me
 I know who writes the music in the stillness of the morning
 I found a wealth of gold and silver have I plenty
 I have a light to guide me when the road is dark and stormy

Where are you going? Who will walk beside you?
 When the night is gloomy, where is the light to guide you?
 And where's your gold and your silver brightly shining?
 Who writes the music in the stillness of the morning?

I'm going where He goes and He'll be there beside me
 The love for which he died is all I need to guide me
 And He's my gold and my silver brightly shining
 He writes the music in the stillness of the morning

Ek wil vir U dank Heer vir U liefde en U genade
 U is 'n troue Leidsman en beskerm my teen gevare
 U is die Weg, die Waarheid, die Lewe — U is my vrede
 Help my om u te volg Heer, in 'n wêreld vol probleme
 U is 'n sterke Rots: Aan u kan ek my lewe gee
 Maak my aan U gehoorsaam om te wandel in U weë
 U is getrou, regverdig en almagtig
 U ken my hart Heer, daarom bid ek tot U seën. - Amen

11. Samesang : Onse Vader

12. Geleentheid vir Gebed en Gesels

13. Die sanggroep sing 'n aantal liedjies uit hulle repertorium:

1 10 000 Reasons (Bless the Lord)
2 Agnus dei (Halleluja)
3 Alles vir my
4 Breathe
5 Come Away
6 Daarom
7 Eenzaam en verlaat
8 Everlasting God
9 Genade Onbeskryflik Groot
10 Give Thanks
11 God is Liefde
12 Leeu van Juda
13 Loof die Here God
14 Medley
15 Omega
16 Nader my God by U

Wie ons is Atlete vir Christus

Ons is 'n groep van 23 Maties (studente aan die Universiteit van Stellenbosch) wat vanjaar vir die 39ste keer sedert die ontstaan van die groep in 1975 uitreik.

Ons doel is tweeledig:

† Om God die Vader, Jesus Christus Sy Seun en die Heilige Gees te verkondig soos in ons leuse vervat is:
"Ons hardloop, sing en gesels Christus."

† Om jaarliks ten minste R40 000 in te samel vir die evangelisasiewerk wat Bybelkor in Suid-Afrikaanse gevangerisse doen.

Die span bestaan uit 10 atlete, 'n sanggroep van 10 lede, 3 persoonlike werkers en 'n toerpa. Elkeen vervul 'n unieke funksie op 'n tipiese toerdag, waartydens die atlete die afstande tussen die betrokke oornagdorpe op 'n aflosbasis aflê.

Gedurende die dag word daar bybelstudie gedoen, ondersteuning aan atlete gebied en ander prettige aktiwiteite gedoen. Saans tree die sanggroep by 'n gasheergemeente op. Optredes bestaan uit ligte, gewyde sang, impromptu getuenis deur spanlede en 'n kort boodskap deur die toerpa, Ds Pierre Marais.


Ons bede is dat die Hemelse Vader tot u (en tot ons) sal spreek deur ons optrede en kuiertjie. Baie dankie vir u teenwoordigheid en ondersteuning.

Bydraes vir evangelisasiewerk kan gestuur word aan:

(Posadres) **Atlete vir Christus**
Studente-Diensaksie
Posbus 275
Stellenbosch
7599

(Bankbesonderhede) **NG Kerk Stellenbosch**
Nedbank, Business Winelands
Rek: 1498043232 (Tjek)
Takkode: 149821
Spesifiseer: Atlete Vir Christus

Toeroete 2013



AVC Toeroete 2013
Paternoster tot L'Aguilhas

Dag	Datum	Dorp			Afstand in km	
		Begin	Via	Eindig	Per dag	Per atleet
Week 1						
1	Maandag	1 Julie	Paternoster	Vredenburg	53	5.3
2	Dinsdag	2 Julie	Hopfield	Moerreesburg	134	13.4
3	Woensdag	3 Julie	Ceres	Citrusdal	170	17
4	Donderdag	4 Julie	Clanwilliam	Clanwilliam	170	17
5	Vrydag	5 Julie	Calvinia	Calvinia	152	15.2
6	Saterdag	6 Julie	Williston	Williston	116	11.6
Totaal				Carnarvon	130	13
					755	75.5
Week 2						
7	Maandag	8 Julie	Carnarvon	Loxton	145	14.5
8	Dinsdag	9 Julie	Victoria-Wes	Richmond	90	9
9	Woensdag	10 Julie	Richmond	Graaff-Reinet	129	12.9
10	Donderdag	11 Julie	Graaff-Reinet	Jansenville	86	8.6
11	Vrydag	12 Julie	Jansenville	Willowmore	137	13.7
12	Saterdag	13 Julie	Willowmore	Prince Albert	148	14.8
Totaal					735	73.5
Week 3						
13	Maandag	15 Julie	Prince Albert	Calitzdorp	134	13.4
14	Dinsdag	16 Julie	Laddismith	Barrydale	140	14
15	Woensdag	17 Julie	Montagu	Bonnievale	97	9.7
16	Donderdag	18 Julie	Bredasdorp	Bredasdorp	38	3.8
Totaal				L'Aguilhas	409	40.9

Boodskap van Stellenbosch Moedergemeente

NG Gemeente Stellenbosch (Moederkerk) is vanjaar 328 jaar oud. Dit is die tweede oudste gemeente in die land wat in 1686 van Groote Kerk Kaapstad afgetig het. Die gemeente se visie is om 'n rivier van lewende water te wees. Ons wil elke lidmaat toerus en bemagtig om waar hulle hul mag bevind, deel van hierdie stroom van lewende water te wees. As deel van ons getuienis strategie is ons in die gemeenskap betrokke en ook buite ons onmiddellike grense, onder andere in Maleisië, Mosambiek, Lesotho en Transkei.

Verskeie studente aksies gee studente blootstelling aan kruis kulturele ervarings wat hulle lewens positief impakteer.

Atlete vir Christus is een van ons gemeente se oudste aksies. Wat hierdie groep so uniek maak is dat ons met gemeentes dwarsdeur die land vennote is waar hulle optree en fondse insamel vir die bediening aan gevangenes.

Dankie dat julle gemeente Atlete vir Christus ontvang, huisves en versorg. Op hierdie manier vat ons met julle hande en vloei die stroom van lewende water verder.

Groete
Jan van Zyl
Leraar: Moedergemeente

Boodskap van die toerpa

Atlete vir Christus is geskoei op die gedagte dat ons almal "atlete" is wat vir Christus deelneem op die baan van ons aardse lewe.

Die metafoor moedig ons aan om te hardloop soos mense wat nie van hulle doel onseker is nie(1 Kor 9:26), dat ons die laste sal afgooi, volhardend sal volhou, die oog gevestig op Jesus(Hebr 12).

Die apostel Paulus skrywe in 2 Tim 4:7 "Ek het die goeie wedloop afgelê; ek het die wenstreep bereik; ek het gelowig end-uit volgehou..."

Vir amper 4 dekades is daar vanuit Stellenbosch se NG studentegemeente (Tans Kruiskerk) `n groep studente wat onder die vaandel van hierdie wonderlike Bybelse metafoor deur ons land draf om die Boodskap van Jesus te versprei.

Ons bede is dat Jesus se liefde en die nuwe lewenshoop wat dit bring, deur ons teenwoordigheid, `n nuwe beweging in elkeen met wie ons kontak het, se lewens sal bewerk.

Want ons wil eintlik maar net doen wat ons leuse sê : ons hardloop, sing en gesels Christus.


AHOE (Aan Hom Ons Eer)
Ds.Pierre Marais
Toerpa '13

Leiers



Jeannette Marais

Jeannette (Jetta) is oorspronklik van Wellington en is vanjaar ons leidster. Sy is huidiglik besig met haar vierde jaar in Meganiese Ingenieurswese. Sy is 'n atleet op toer en maak vanjaar haar vierde toer mee.



Marnu Meyer


Marnu is ons leier vir die jaar en kom oorspronklik vanaf Bredasdorp. Hy is 'n atleet op toer en maak vanjaar sy derde toer mee. Hy is tans besig met sy derde jaar in Siviele Ingenieurswese en is 'n trots Huis Visser inwoner.

Toerpa



Ds. Pierre Marais

Ds. Marais van Ceres Moeder-gemeente is 'n oud-Atleet en ook die geestelike ondersteuner vir 2013. Hy het in 1980 as student getoer en ook in 1991 opgetree as toerpa! Hierdie is dus die derde keer wat hy saam toer!




Stefaan Swarts

Stefaan is van Bellville en is huidiglik besig met sy Meesters in Operasionele Navorsing (Mcomm). Hy het vier jaar Universiteits-koor gesing, 5 jaar Ser en ook was ook op 2 toere (2009 en 2011) deel van die AVC Sanggroep. Hierdie jaar rig hy die sanggroep af! Dankie Stefaan!!

Sanggroep



Janneke Marais



Margrethe Nel



Charné Brynard




Huldie Marais

B.Maatskaplike Werk II
Toer # 2
Stellenbosch

B.Comm Wiskundige
Wetenskappe I
Toer # 1
Bellville

B.Sc Menslike
lewenswettenskappe
met Sielkunde IV
Toer # 3
Pretoria

BA. Sportwetenskap II
Toer # 1
Ceres



Michiel de Kock



Louis Marais



Henk Laubscher




Eugene Marais

B.Sc Bewarings-
ekologie I (H II)
Toer # 1
Hermanus

B.Sc Molekulêre biologie
en Biotecnologie I
Toer # 1
Oudtshoorn

B.Ing Meganies III
Toer # 2
Lutzville

B.Sc
Bewarings-ekologie I
Toer # 1
Wellington



Altus Treurnicht



Pieter Gildenhuys



Stephan Nieuwoudt

B.Sc Agriwetenskap,
Gewasproduksie II
Toer # 1
Villiersdorp

B.Rek III
Toer # 1
Ceres

B.Sc Agric.
Grond en Water
Toer # 2
Trawal

Atlete



Jeannette Marais



Mariet van Rensburg



Inge Hambridge



Johan Kellerman

Bing Meganies IV
Toer # 4
Wellington

B.Arbeidsterapie III
Toer # 2
Rawsonville

B.Comm Wiskundige
Wetenskappe I (H II)
Toer # 1
Ladismith

Bing Bedryfs III
Toer # 3
Worcester



Marnu Meyer



Stoffel Fivaz



Gideon Swanepoel



Johan Venter

B.Ing (Siviell) III
Toer # 3
Bredasdorp

B.Sc Agric (veekunde
& agronomie) I
Toer # 1
Vleesbaai

B.Rek III
Toer # 2
Port Elizabeth

B.Comm Aktuariële
Wetenskappe (Honneurs)
Toer # 2
Cradock

Persoonlike Wêrkers



Dawid Saayman



Anja Olivier



Karla Basson


B.Sc Aard-
wetenskappe IV
Toer # 4
Rosh Pina

BA. Sportwetenskap I
Toer # 1
Somerset Wes

B.Rek III
Toer # 2
Stellenbosch

Fotoblad



TOERKALEIDOSKOOP

**Ons bid saam...**

Die krag van gebed is wat ons dra.



Corlia Kruger bly deel van die span, en ons wens haar alle sterkte toe in Rusland

**Ons reik uit****Ons ondersteun**


Daar word daagliks twee spanlede geselekteer om die atlete te versorg, en knus instand te hou.

**Ons besoek tronke**

Op toer lewer ons ook besoek af by die tronke op ons roete. Die doel van die toer is om geld in te samel vir Bybelverspreiding in gevangenisse.

**Die Span**

Op toer reik ons uit na mense wat ons pad kruis.

**Die PW's**

Die persoonlike werkers is verantwoordelik om die atlete en ander op die toer aan die gang te hou.

**Ons durf die pad aan**

10 Atlete, 1900km

**Die Sanggroep**

Die sanggroep lewer elke aand 'n program by ons gasheergemeentes.

**Die Atlete**

aHoe! aan Hom ons eer

**Ons het pret**

Want die pad kan lank raak

Samesang liedere:

Lied 530

Praat ek mense-, eng'letale, maar dis nie uit liefde nie,
Is my woorde hol simbole, klanke sonder melodie.
Al kan ek geheime uitlê, berge deur geloof versit,
Of al het ek al die kennis, sonder liefde is ek niks.

Sonder liefde sal my gawes, al my ywer my nie baat.
Net die liefde, onbaatsugtig, bly oorwin die goed met kwaad.
Onreg kan dit nie verdra nie, dit is met die waarheid bly.
Deur vergifnis, hoop, verwagting, kom die beste in ons vry.

Al die tale, profesieë, met die tyd gaan dit verby.
Net die liefde, die volmaakte, kom en sal vir altyd bly.
Want geloof gee troos en rigting; na die toekoms reik die hoop.
Liefde is en bly die grootste: Liefde sluit die lewe oop.

Lied 188

Now thank we all our God
With heart and hands and voices,
Who wondrous things hath done,
In whom this world rejoices:
Who, from our mothers' arms
Hath bless'd us on our way
With countless gifts of love,
And still is ours today.

O May this bounteous God
Through all our life be near us,
With ever joyful hearts
And blessed peace to cheer us;
And keep us in his grace,
And guide us when perplexed,
And free us from all ills
In this world and the next.

Lied 308

Neem my lewe, laat dit, Heer,
U gewy wees meer en meer.
Laat my hart gedurig juig
En van dankbaarheid getuig.

Neem my hande, maak hul sterk-
Diensbaar in U goeie werk.
Neem my voete, skoei hul, Heer,
Met bereidheid tot U eer.

Neem my stem en laat my sing-
Aan U, Here, hulde bring.
Laat my mond die boodskap dra:
Hul sal vind wat na U vra.

Neem my goud en silwer, Heer-
Niks noem ek my eie meer.
Al my kennis en verstand
Stel ek in U vaderhand.

Maak my hart vir U tot troon
Deur U Gees wat in my woon.
Rig my wil, gevoel en daad
Altyd na U wyse raad.

Lied 200

U goedheid, Heer kan ons nie peil nie-
Wie word daardeur nie diep getref!
Niks anders bring aan ons die heil nie-
Ons wil ons hart tot U verhef.
Aan U alleen ons dank en ere-
U wat ons in die liefde lei.
U sal ons nooit vergeet nie, Here-
U wil ons in u waarheid lei.

Sou ek, o Heer, U nie vereer nie,
Sou ek U goedheid nie verstaan?
Sou U my raad gee, ek nie leer nie,
Die weg wat U my wys nie gaan?
Nee, Heer, U rig my wil en strewe;
U woord bly my gedurig by.
Vul met U liefde ook my lewe
Om my in alles U te wy.

Lied 188

O Lord my God, when I in awesome wonder
Consider all the works thy hands hath made,
And see the stars, I hear the mighty thunder,
Thy power throughout the universe displayed.

Refrain:

Then sings my soul, my Saviour God, to thee:
How great thou art, how great thou art!
Then sings my soul, my Saviour God, to thee:
How great thou art, how great thou art!

When through the woods and forest glades I wander,
I hear the birds sing sweetly in the trees;
When I look down from lofty mountain grandeur
And hear the brook and feel the gentle breeze;
Refrain

But when I think that God his Son not sparing,
Sent him to die, I scarce can take it in,
That on the cross, my burden gladly bearing,
He bled and died to take away my sin;
Refrain

Lied 514

Ek weet verseker: Jesus is Heer
Hy het my sonde uit liefde vergeef.
Ek was verlore, maar is gevind;
Nou het ek vrede - ek is Gods kind.
Hy is my leidsman - Hy laat my leef.
Hy is oorwinnaar - Hy is die Heer.
Uit sy genade, liefde en trou,
Weet ons hoe God sy kinders behou.

Samesang liedere:

Lig is sy las en sag is sy juk.
 Hy gee vermoedes die ware geluk.
 Self as ek struikel, en dit berou-
 Hy sal vergewe, Hy bly getrou.
 Hy is my leidsman - Hy laat my leef.
 Hy is corwinnaar - Hy is die Heer.
 Uit sy genade, liefde en trou,
 Weet ons hoe God sy kinders behou.

Lied 488

Helder skyn u lig vir die nasies,
 'n vreugdeglangs on die mense te verlig
 tot die hele wêreld kan sien U is die lig.
 Mag U lig, Heer, deur óns skyn.

Vrolik klink ons lied vir die volke,
 'n sagte salf vir die mense met hul seer
 tot die hele wêreld kan sien dat U genees.
 Mag U troos, Heer, deur óns klink.

Heer, u Woord gee hoop aan die nasies;
 'n hartvol hoop om die volke te verblif
 tot die hele wêreld kan glo dat U bevry.
 Mag U hoop, Heer, deur óns gee.

U is Koning, Heer, oor die aarde.
 Die mense vra na u wil om U te eer
 tot die hele wêreld kan juig dat U regeer.
 Laat u ryk, Heer, in óns kom!
 Laat u ryk, Heer, deur óns kom!
 Laat u ryk, Heer, oral kom!

Onse Vader

Ons Vader, wat woon in die hemel
 Geheilig Sy, U naam
 Laat U reik kom, U wil geskied
 Soos in die hemel so ook op die aarde


Gee ons vandag ons dag se brood
 En vergeef ons al ons skulde
 Net soos ons vergewe
 Die wat teen ons sondig

Laat kom ons nie in die versoeking
 Maar verlos ons van die bose
 Aan U is die reik, en die sterkte en die ere

Vir ewig en ewig,
 Amen

Vir ewig en ewig,
 Amen

Atlete vir Christus



"Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking." - Jak 5:16b

Bid vir ons



Stellenbosch
Moedergemeente

Knip hierdie prent uit, plak dit teen die yskas op en gebruik dit om u te herinner om vir Atlete vir Christus te bid.